LAERSKOOL KRUGERPARK

DURF AAN EN VOLHARD

# Atletiekbeleid

**1. Doelstellings**

1.1 Om deur middel van atletiek die opvoedkundige kwaliteite, soos sportmansgees, deursettingsvermoë en die ontwikkeling van 'n gebalanseerde persoonlikheid by die atleet daar te stel.

1.2 Om 'n atletiekspan daar te stel, met bogenoemde in gedagte, om dan aan byeenkomste deel te neem.

**2. Reëls en Regulasies**

**2.1 Algemeen**

a. Die atlete van Laerskool Krugerpark sal deelneem onder die reëls en regulasies van SASA in die Mogalakwena streek, asook Limpopo Provinsie.

b. Dit staan Laerskool Krugerpark vry om aan enige hoeveelheid vriendskaplike byeenkomste deel te neem met die goedkeuring vanaf die Departement.

**2.2 Afrigting**

**a. Ouer-Afrigters**

Kan aangewend word om behulpsaam te wees met afrigting, nadat vroegtydige skriftelike goedkeuring vanaf Bestuursliggaam verkry is.

**b. Professionele Afrigters**

Sodanige afrigters moet ook vroegtydig skriftelik aansoek doen by Beheerliggaam indien afrigting op skool terrein sou plaasvind. Kan die funksie van 'n deurlopende afrigter 'n bepaalde item vervul, indien in bepaalde item geen onderwyser is om item af te rig nie. Sodanige afrigter, moet die totale groep atlete in die betrokke item, waarvoor hy/sy verantwoordelik is afrig. Afrigter se bewese prestasie sal jaarliks geëvalueer word voor heraanstelling sal geskied vir die volgende seisoen. Absolute lojaliteit teenoor leerders van die skool is van kardinale belang. Afrigters moet tydens skoolure (indien van belang) behulpsaam wees met afrigting. Sodanige afrigter is ondergeskik aan die atletiekorganiseerder t.o.v. die spankeuses en aangeleenthede rakende atletiek by die skool. Afrigters moet ten nouste saamwerk met onderwyser-afrigters om 'n eenheid te bewerkstellig. Laasgenoemde moet 'n absolute strewe van alle partye wees. Die basis waarop afrigting geskied sal deur komitee bepaal word.

**c. Onderwyser-Afrigters**

- ➔ Moet hul taak met volle oorgawe verrig.
- ➔ Moet saam met die atletiekorganiseerder, in goeie gees en samewerking die spankeuses maak. Laasgenoemde moet altyd tot voordeel van die atlete en skole wees.
- ➔ Moet in goeie gees saam met ouer- en professionele afrigters saamwerk om sodoende 'n eenheidsgevoel te bewerkstellig.
- ➔ Moet spangees aktief help bevorder.

**d. Afrigters buite skoolverband / Privaat afrigting**

- ➔ Sodanige afrigter moet ook vooraf skriftelik aansoek doen by Beheerliggaam om op skoolterrein te kom afrig.
- ➔ Ouers wat die opsie uitoefen om hul kind/ers privaat te laat afrig, kan so doen met die wete dat geen vorm van diskriminasie teenoor sodanige leerders sal wees nie.
- ➔ Sodanige leerders sal egter onderworpe wees aan alle reëls en regulasies van die atletiekbeleid van die skool.
- ➔ Ouers en afrigters van sodanige atlete moet ten nouste kontak hou met die atletiekorganiseerder of die afrigter van die betrokke item by die skool.
- ➔ So 'n afrigter moet sover moontlik teenwoordig wees tydens die byeenkomste vir die ondersteuning en opwarming. Indien nie, moet 'n alternatiewe reëling getref word met die atletiekorganiseerder.

## 2.3 Spanstruktuur

**a. Spanuitleg**

**Bokkesport:** Atlete mag tydens Bokkesport aan enige **vyf (5)** items Deelneem om hom/haar dan in staat te stel om dan daaruit die beste **drie (3)** items te kies om verder aan alle ander byeenkomste deel te neem.

**Skoolspan** (Vriendskaplik en uitdunbyeenkomste):

Slegs die beste **twee (2)** atlete in naellope/hekkies en beste **drie (3)** atlete in middel- en langafstande asook alle velditems sal dien as die skoolspan. Behalwe as ons gasheerskole die formaat van aantal atlete wysig.

**b. Spesiale reëlings**

As daar twyfel bestaan oor 'n atleet se prestasie, of 'n atleet was medies ongeskik vir uitdunne, vir verdere deelname sal 'n daag soos volg gereël word.

Die eerste geleentheid na die Bokkesport in die teenwoordigheid van betrokke afrigter(s) en atletiekorganiseerder. Uitslag sal dan finaal wees.

c. **Griewe**

Enige griewe rakende die spankeuse, moet by die atletiekorganiseerder ingedien word, waarop die organiseerder, die nodige afriger(s) in samewerking met die Sporthoof en indien nodig die Hoof van skool, die dispuut sal hanteer en die nodige besluite sal neem. Organiseerder sal dan die nodige terugvoering gee.

**2.4 Atletiekdrag**

a. Tydens alle byeenkomste na die Bokkesport, met 'n skool konnotasie, sal alle atlete verplig wees, om die voorgeskrewe sportdrag, soos bepaal deur die Bestuursliggaam van die skool, te dra en in deel te neem.
b. Tydens nie-skoolverwante byeenkomste kan die atlete die klubdrag en ander klere dra, nadat dit uitgeklaar is met die skool.
c. Geen atleet mag in die drag van 'n ander skool, namens die skool, deelneem nie.

## 3. Gedragskode

3.1 Die gedrag en optredes van ouers, personeel, afrigters en leerders moet ten alle tye onberispelik wees, langs en van die baan.

3.2 Waar optrede / gedrag onaanvaarbaar is, kan / sal so 'n persoon voor die Komitee gedaag word vir moontlike oorwegings vir stappe.

3.3 In gevalle waar 'n leerder hom / haar skuldig maak aan onaanvaarbare gedrag, kan sodanige leerder deelname aan verdere byeenkomste geweier word.

3.4 Geen atleet mag hom/haar van 'n skoolverwante byeenkoms of item onttrek, sonder 'n geldige / grondige rede nie. Redes mag geverifieer word en onttrekking moet vroegtydig ingedien word.

3.5 Atlete wat nie opdaag, sonder 'n geldige verskoning, by byeenkomste nie, stel hom / haar bloot aan die toepassing van dissipline stelsel van skool. Herhaalde oortredings kan lei tot skorsing uit die span.

3.6 Alle ouers, personeel, afrigters en leerders van Laerskool Krugerpark, sal onderworpe wees aan Laerskool Krugerpark se Sportgedragskode, soos bepaal deur die Bestuursliggaam van die skool.

## 4. Lidmaatskap

4.1 Affiliasiegelde word jaarliks voor die aanvang van die Kringbyeenkoms, eenmalig oorbetaal aan die Potgietersrus Kring, wat dan weer op hul beurt verder affilieer vir verdere deelname van die skool, soos die atlete vorder. Hierdie affiliasie geld slegs vir skoolverwante deelname en nie vir klubs en private deelname nie.

4.2 Lidmaatskapgelde vir klubs en privaat deelname van atlete, word oorbetaal en beheer deur privaat afrigters en betrokke instansies.

## 5. Atletiekkomitee

### 5.1 Komitee

a. Die werksaamhede van atletiek by die skool sal beheer word deur 'n komitee bestaande uit:
   i. Die Skoolhoof
   ii. Bestuursraadlid sport (Ouerverteenwoordiging)
   iii. Die Sporthoof van die skool
   iv. Die Atletiekorganiseerder
   v. Dagbestuur (Personeel aangewys vir jaar)

b. Bogenoemde lede sal ook die dagbestuur vorm indien enige kritiese besluite op kort kennisgewing geneem moet word.

### 5.2 Magte en Pligte

a. Om jaarliks in die vierde kwartaal, 'n Algemene Jaarvergadering te belê.
b. Om tydens bogenoemde vergadering, waar ouerinsprake moontlik is, beleids-veranderinge voor te stel, indien nodig, moet enige beleidsveranderinge egter deur die Skoolbestuursliggaam verwys en goedgekeur word.
c. Om opdrag aan die Atletiekorganiseerder en nog een van die dagbestuur te gee, om die skool op alle vergaderinge, rakende atletiek, in die Mogalakwena Streek, te verteenwoordig.
d. Om op hoogte van die Mogalakwena Streek, asook Provinsie, se atletiekdatums vir die komende seisoen te wees.
e. Om toe te sien dat ale veranderinge t.o.v. die Waterberg Streek geïmplementeer word, rakende atletiek.
f. Om toe te sien dat die bes moontlike atletiekspan gekies word om die skool tydens byeenkomste te verteenwoordig.
g. Om toe te sien dat daar geen onreëlmatighede in soverre dit atletiek by die skool aangaan, plaasvind nie.
h. Om toe te sien dat die eiendom en atletiektoerusting van die skool met die nodige respek hanteer en opgepas word.
i. Om die items vir vriendskaplike byeenkomste, sodanig op te stel, dat dit sal insluit by die bepalings van die Streek.

j. Om alle Atletiekbyeenkomste op 'n professionele wyse aan te bied, indien dit die skool te beurt val.
k. Om Laerskool Krugerpark se Gedragskode te onderhou en voortdurend te implementeer.

## 6. Voorraad

6.1 Die Atletiekorganiseerder in samewerking met die Tegniese bestuurder, moet toesien dat daar 'n volledige inventaris bygehou word ter insae, enige tyd.

6.2 Geen skool apparaat word op leen basis hanteer nie, sleg in uitsonderlike gevalle, moet toestemming van die atletiekorganiseerder verkry word en dan moet daar ook toegesien word dat die nodige uitleenregister voltooi word.

6.3 Alle toerusting deur afrigters gebruik vir afrigting die verantwoordelikheid van die betrokke afrigter sal bly. Enige probleme of navrae aan die organiseerder.

## 7. Toekennings

Alle toekennings rakende atletiek word bepaal deur die nodige kriteria, soos uiteengesit in die bepalings van Laerskool Krugerpark se prysuitdelings aan die einde van elke jaar.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **2de** DAG VAN **MAART 2020**

______________________________
Beheerliggaamvoorsitter

______________________________
Hoof: Laerskool Krugerpark